Augustus 2016

Beste Kollega/Skriba

SONDAG 4 SEPTEMBER 2016 - As Sinodale verteenwoordiger van die Vrystaatse Sinode op TOIBO (Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys) herinner ek u weer eens aan die oproep vanuit die Engo kantoor (Ds Willem Botha) om Sondag 4 September 2016 te wy aan TOIBO. (Ook Nasionale Biddag vir Dowes). ***Vrystaat Sinode het in 2005 besluit dat laasgenoemde kollekte ook gebruik word vir TOIBO.***

Vrydag 2 Sept is ook juis Nasionale "Loslitdag" ten bate van persone met gestremdhede in SA.

Die finansiële ondersteuning wat die Hoërskool Martie du Plessis (Bfn) vanuit TOIBO se fondse geniet is steeds veel meer as wat die NG Kerk in die Vrystaat jaarliks tot TOIBO bydrae**.** Toibo se inkomste vir 2015 was soos volg:

NG Kerk Vrystaat	R72 000 (2014 Sinodale Bydrae)	R72 000 (2015 Sinodale Bydrae)
GMD	R 2 135	R 1 320
TOTAAL	R74 135	R73 320

Martie du Plessis in Bloemfontein het 'n totaal van **R201 996 (2014) en R201 000 (2015) vanaf die Instituut ontvang.** Vanjaar is daar ook 'n addisionele **R96 800** aan Martie du Plessis oorbetaal vir geboue verbeterings. **Die NG Kerk is vanjaar reeds 69 jaar betrokke by hierdie kinders (sedert 1947).**

Vandaar ons oproep tot gemeentes in die Vrystaat om **Sondag 4 September 2016** 'n **spesiale kollekte** op te neem ten einde:

- **Martie du Plessis Skool** (Bloemfontein) – leerders met **serebrale gestremdheid**, **epilepsie** en **erge disleksie;**
- **Sonitusskoo**l (Pretoria)- leerders wat **gehoorgestremd** is;
- **Transvalia-skool** (Pretoria) **–** leerders wat ly aan **epilepsie en leergestremdheid**;
- **Transoranje–skool** (Pretoria) – vir **Dowes** en
- **Prinshofskool** (Pretoria) – leerders wat **gesiggestremd** is, finansieel te ondersteun via die Instituut.

Die volgende materiaal is beskikbaar op bestelling by TOIBO se kantoor vanuit Pretoria – Arina Jooste – Uitvoerende Beampte by TOIBO (toibo@nhk.co.za).

- (**Brosjure** wat aan lidmate beskikbaar gestel kan word om die Instituut en sy werksaamhede **bekend te stel.**
- **Jaarverslag** van die Instituut vir 2015 is beskikbaar ook in elektroniese formaat (Sien webtuiste **www.toibo.org.za**)

Volledige Inligting beskikbaar by die Instituut se webtuiste nl www.toibo.org.za

Hiermee saam wil ons u asb versoek om mdo u gemeentekalender 2017 Sondag 12 Maart 2017 se kollektes te oormerk vir TOIBO daar die Instituut sy 70ste Bestaansjaar vier op 13 Maart 2017. (waarom nie die erediens ook nie?)

SOLI DEO GLORIA!

22 Van Heerdenweg/ Road, Wilgehof, Bloemfontein 12552, Brandhof, 9324
051 407 7222 051 525 2015 info@engo.co.za www.engo.co.za
002-671 NPO

Mat. 25:40 "Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van my gedoen het, het julle dit aan My gedoen. "(Spr 19:17 + 21:13)

Byvoorbaat dank en seënwense
Toibo Groete

Ds Gerrie van Dyk — Ds WJ Botha

Sinodale Verteenwoordiger (Dagbestuur TOIBO) — Hoof Direkteur ENGO
051 444 5980/1/2

Geliewe asb bogenoemde inligting te deel met gemeentes, betrokke kommissies, groepe of belangstellende persone.

NS Ds Gerrie is tans op die Dagbestuur van die Instituut - wat beteken dat die NG Kerk verteenwoordiger deel op 'n rotasiebasis saam met Dr Pieter Heystek (Gereformeerde Kerk) en Ds Gerhard Stoltz (Hervormde Kerk) die Voorsitterstoel tov Toibo.

.....

TOIBO SONDAG, 4 SEPT 2016

Voltooi asb versoekvorm en faks of E-Pos so spoedig moontlik aan 051 444 5988 of bibbfn@biblesociety.co.za, of TOIBO kantoor by toibo@nhk.co.za

AANDAG: Gerrie van Dyk

Van: Gemeente …….

1. Stuur vir ons ……. Inligtingsbrosjures oor TOIBO en sy werksaamhede.

2. Stuur vir ons een Jaarverslag – Ja of Nee

.....
Handtekening